

SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 23:1-8, 24-25 (OAV/NAV)

FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 23:25

Elika – Christus lei ons in die stryd van die geloof tot kragtige geloofsdade

Dawid was van jongs af 'n vreeslose vegter omdat hy sy vertrouwe in die Here gestel het. Dit was juis om laasgenoemde rede dat God hom tot koning van Israel verhef het. In sy stryd om die koninkryk van Israel op te bou, het Dawid sy soldate deeglik opgelei in gevegskuns en hulle op die slagveld tot groot heldedade in baie oorloë teen die vyande van die Godsvolk gelei.

Elika (God het uitgegrawe) was so 'n uitgesoekte, dapper soldaat in die leër van Dawid. Hy was deel van die sogenaamde groep van 30 helde in die leërmag van Dawid. Manne wat onverskrokke in die voorste linies geveg het en dikwels eiehandig groot oorwinnings oor hulle vyande behaal het. Hierdie helde was dikwels, soos Elika, gewone burgers van die land, manne sonder enige vername stamboom of helde in eie voorgeslagte.

Selfs 'n onbekende man soos Elika, wie se naam “my God verwerp” beteken, was 'n held in die stryd. Manne en vroue uit onbekende dorpies soos Garod word helde in die ryk van Dawid.

So lei Christus ook gewone mense soos ek en jy in die stryd van die geloof tot kragtige geloofsdade. Mense sonder aansien, mense sonder vername vanne of afkoms en uit onbekende oorde word kragtige geloofshelde in Christus. Mense wat onwrikbaar glo in Christus en vas op Hom vertrou. Mense wat vas staan in die geloof en ter wille van die naam van ons Koning teen onreg, teen misdaad, teen sonde en teen Satan en sy bose magte stry. Mense wat met die wapenrusting van die geloof toegerus word en kragtig in die Gees optree.

Wanneer die stryd in jou lewe vir jou te veel word, kyk na Christus ons Koning, volg sy leiding, trek sy wapenrusting aan en Hy sal jou kragtig maak in die stryd tot die eer van sy Naam.

Sing: Psalm 68-1:1, 2

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)